

VOLG MY

Deel 2 – Vreesloos

AFSKOP

Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?

VRAE VIR BESPREKING:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

Is jy iemand wat maklik skrik? Wat doen jy as jy skrik of as iemand jou skrik maak?

Wat het die afgelope 2 jaar die meeste bekommernis in jou lewe gebring? Wat is dit wat jy eerste doen wanneer jy begin stres of bekommerd raak? Verduidelik.

Hoekom dink jy het bekommernis so 'n groot uitwerking op ons gemoed, ons denke, en ons verhoudings met mense?

Hoekom dink jy is dit belangrik dat ons beseft dat om Jesus te volg lei nie tot 'n lewe sonder pyn en probleme nie?

Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:

Filippense 4:6-7. Wat is die alternatief tot bekommernis volgens hierdie gedeelte? Hoe sluit dit aan by die tema van die preek?

Daniël 3:17-18 en 6:1-12. Wat was Daniël se gewoonte? Wat was sy eerste reaksie toe hy die slegte nuus kry? Hoekom dink jy het Sadrag, Mesag en Abednego en selfs Daniël die vrymoedigheid gehad wat hulle gehad het in moeilike omstandighede?

Matteus 14:25-33. Wat het gemaak dat Petrus gesink het? Hoekom dink jy was Jesus meer besorg oor Petrus se min geloof? Hoe kan dit van toepassing wees in jou huidige situasies?

Hoekom dink jy wil Jesus hê ons moet Hom na 'n plek volg waar ons vertrou in God meer is as die omstandighede rondom ons? Watter uitwerking kan dit in jou lewe hê?

Matteus 28:18-20. Waaraan het Jesus sy dissipels herinner heel aan die einde van sy groot opdrag aan hulle? Hoekom dink jy het Hy hulle juis daaraan herinner?

Hoe dink jy kan hierdie vraag jou lewe verander in die verskillende situasies wat jy in jou lewe moet hanteer: "Wat sal iemand soos ek doen as ek 100% oortuig is dat God by my is?"

Wat kan jy hierdie week doen om jou te herinner dat God by jou is? Wat kan julle as groep vir mekaar doen om te help dat julle fokus en vertrou op God meer en sterker word soos julle die uitdagings in julle lewens trotseer?

GEBED EN OMGEE

Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.

Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daarvoor kan bid:

NEEM 'N VOLGENDE STAP

Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.

As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.